



Nomades Voetslaanklub

Roete-terugvoer

Windy Brow (Oktober 2014) en Nylsvley natuur reservaat (November 2014)

Windy Brow – 17-19 Oktober 2014.

Sowat 27Km Oos van Pretoria op die R513.
Indraai S25 40.772 E28 30.099,
Basiskamp = S25 40.882 E28 30.159



Marius Stander, Ester de Castro, Magda Grobler, Kobie Venter, Corrie van Rensburg, Ronald Nothard, Laetitia Visagie, Jan & Corrie du Preez, JS van der Merwe, Paul Snyman & Christi Blignaut, Carl Roux* bring sy ouers Pieter* en Lourette*. Pieter Coetzee* en Lorraine Honniball* is ook nuwe* stappers Wilna & Christo Tent en Jackie Herbst kom net Saterdag saamstap.

Vrydagmiddag so vanaf 13:00 begin die stappers aan te kom nadat die hek-kode aan almal gestuur is. Ons slaap in die groot Ndaba stapperskamp wat drie groot slaapsale met enkelbedjies en netjiese nuwe oortreksels het sodat jy nie die ou spons daaronder kan sien nie. Elke saal slaap sowat 15 persone en een saal het 'n ensuite toilet/wasbad/stort. Dan is daar 'n kleiner kamer met stapelbeddens en heelwat ekstra pakplek en rakkies wat so 8 persone slaap met ook 'n uni-seks ensuite. Twee tenters het ook hulle eie suite opgestel so 'n entjie weg van die geboue. Die algemene ablusie het 'n mans en dames afdeling met elkeen 2 sitplekkies en 1 stort elk. Nadat die eerste storters die stortkoppe se kalk so bietjie skoongemaak het, het almal lekker warm kon stort. Die kombuis was goed toegerus met 'n redelike groot yskas. Ons het 'n warmwater ern, ketel en mikrogolf oond gehad.

Vrydagaand bietjie gesukkel met die halwe braai-konkas wat te diep en die roosters wat te hoog is, maar dit is ook opgelos en almal kon hulle vleis gaarkry en lekker gekuier die aand. Ons het ook 'n hele paar nuwe stappers by ons gehad en hulle het ook gou saamgekuier. Ons het ekstra hout bestel en self Nomades se ywerige stokers kon nie die masiewe vrag hout opbrand nie. As gevolg van die windringting het die rook ongelukkig bietjie in die kuier-area onder die afdak ingewaai en tot heelwat 'trane' gesorg.

Saterdagoggend so 9:00 begin almal met die Groen Ekologie roete vanaf die gemeenskaplike beginpunt bo-kant die sportveld in aanbou. Al drie roetes begin hier.

Plek-plek moet ek en ons maar mooi soek vir die spoortjies wat huidiglik hoofsaaklik plat op die grond geverf is op klippe. Ek moes ook op plekke maar die kaart raadpleeg en daarvolgens die regte rigting probeer bepaal. 'n Brand het onlangs die bruggie ook afgebrand en 'n klein ompaadjie om die rivier/sloot het die ding gedoen. Oor die klipkoppe waar ons bietjie asam skep, dan verby een die vele skanse uit die boere-oorslog veldslae wat op die plaas is. Later weer 'n bietjie gerus of eerder uitgekyk by 'n klipplaat oor die vlaktes. Die Groen roete sluit aan by die geel roete en op met 'n bultjie oor redelike klipperige terrein.

Hier sien ons dan ook die baie intresante patrone wat water blykbaar lank-lank-gelede op die klippe gevorm het. Weer bietjie pad gesoek op die vlaktetjie bo, dan afgedaal in die nekkie in die rigting van die watertenks en dan terug na kamp. Ons is rondom 12:00 terug.



Bietjie gerus, skoene uitgetrek, middagete geniet en asem geskep.

'n Uur of twee later het die meeste van ons die 2de stappie vir die aangepak. Sommige verkies om sommer net lui-lekker by die kamp te bly bly o.a 'n Uno-spel sonder einde te speel, dalk was al die spelers nie so seker van die reëls nie. Ander gaan 'dorp' toe. Ons begin weer op dieselfde plek met die Geel voetjies van die Geologie roete en die eerste sowat 1/3 van die roete is dieselfde as die laaste 1/4 van die groen roete. Maar ons loop in die teenoorgestelde rigting en die uitsigte is heeltemal anders.

Die uitsigte oor die Petra Diamonds (voorheen Premier-myn) se groot gat en aanlegte lok gemengde gevoelens uit. Daar word tans op 'n diepte van sowat 747m onder die oppervlak gemyn. Dit is interessant om die hele opset en die masiewe gat so te kan sien, maar met die padgeraas hieronder ons en al die ontwikkeling is die' stukkie van die roete nie baie 'natuurlik' nie. Weer aan die einde bietjie die paadjie verloor, maar ons kon die kamp sien en het sommer reguit deur die veld pad gekies soontoe. 'n Paar van ons (Marius, JS, Carl en Laetitia) stap sommer direk op na die swembad en koel lekker af. Twee van die manne kies sommer ook die Dam as 'n opsie en swem daar ook en jaag die plaaslike eende so 'n bietjie rond.



Twee van die groepe wat 'dorp' toe was o.a. om rugby te gaan kyk, het mekaar dan ook per ongeluk en onbeplan die aand in dieselfde kuierplek ontmoet.

Saterdagoggend probeer ons weer hard om 'n duik te maak in die Hoop hout wat aan ons voorsien was. Die braai-sessie gee weer lekker kuier-tyd en almal is bietjie moeër as gisteraand en gaan kruip ietwat vroeër in die bed in.



Sondag oggend het Byron, die baas van die plaas en Jacques ons kom oplaai met die ou Bedford trek, wel 'n bietjie later as die 9:00 wat ons beplan het a.g.v. die voertuig se battery wat pap was en vervang moes word. Met ligte twyfel in die Bedford se 'status' vertrek die grootste deel van ons groep. Ons sien baie mooi Kameelperde, Kudu's, Zebras en ander diere. Ons sien self vir Wilna en Christo langs die pad wat besluit het hulle wil op hul eie stap. Na meer as 'n uur se rondry en vertellings van Byron oor die plaas se geskiedenis, kom ons veilig terug by die kamp, sonder dat die trek gaan staan het.

Bietjie ontspan en ietsie gedrink en 'n hele paar flukses/yweriges gaan stap toe gou die Wit Argeologie roete via die vlakke. Ons begin sommer

onder langs die windpomp en tel die paadjie daar op. Verby die gronddam na die hoek van die plaas, oor die vlakke gestap waar ons weer heelwat diere diep in die oë kon kyk, o.a. Die kameelperde en rooihartbeeste. Die natuur is darm maar net so fantasties mooi en wonderbaarlik. Die keer sommer kortpad langs die rivier/lopie gestap tot by die drink-trôe. Die wit spoortjie weer gevind en onder om die koppie geloop tot by die sirkel waar die roetes almal begin. Terug oor die sportveld geloop na die komplek waar almal hul laaste goetertjies inpak en so stuk-stuk die pad huis toe neem na 'n verfrissende naweek in die bos en 'n lekker kuier sessie.



Nie die grootste plaas nie, sowat 1.5X1.8Km, nie die mooiste uitsigte op die myn nie, nie die langste afstande nie, maar mooi veld en intresante klip-formasies. 'n Lekker ruim komplek wat goed ingerig is. Naby Pretoria en sommer net 'n lekker Uit in die bos. Heelwat diere.

Nota: Ek was weer daar om die roetes mooi deur te loop en te merk waar die merkers aandag kort en die roete op my GPS opgeneem. Ek is tans besig met 'n nuwe opgedateerde kaart, dus as jy volgende keer daar gaan loop sal die merkers op die paadjies(wat oral baie netjies oopgesny is) duidelik wees en hopelik nie meer onsekerhede veroorsaak nie. Byron is ook besig met groot groeps-akomodasie en 'n masiewe swembad om groot skool- en ander -groepe/kampe te kan hanteer en in volgende jaar sal die sportveld ook gereed wees om te gebruik o.a. deur bg. groepe. As jy dus ook vir 'n Groot groep 'n kamp beplan met goeie akomodasie en geriewe, oorweeg gerus Windy Brow. Bel Byron by 082 936 6979 / 076 936 6979 of Epos via cullinantourisminfo@telkomsa.net

Vir meer inligting oor Cullinan kan julle ook <http://www.cullinan24.co.za/> en vir inligting oor die myn <http://petradiamonds.com/operations/operating-mines/cullinan.aspx> besoek.

Windy Brow Projek Finansies: R310 per lid / R340 per nie-lid gevra vir Hutter's. R250 per tenter.
 Inbetalings(15 lede(2 tenters),5 nie-lede,): +R6230.00
 Uitbetalings: -R5734.60
 Verblyf: -R5605.00 (17xR300)+(2xR240)
 Charcole/aanstekers: -R 122.90
 Bankkoste: -R 6.70
 Projek wins: +R 495.40

Nylsvley Natuur reservaat : 21-23 November 2014

Anna-Marie Lotter en Phrina Oosthuizen; Charl, Pieter en Lourette Roux; Corrie van Rensburg; Ester de Castro; Helene Gertenbach, Marius Stander, Ron Nothard; Laetitia Visagie; Magda Grobler; Norma Grotius; Wilna Moolman; 14 Persone stap saam. By die hek betaal elke motor R25, R15 per pensionaris en R20 per nie-pensionaris. Die klub het R20 per persoon terugbetaal.



Ons slaap almal in die Hamerkop groepkamp wat tot 18 persone kan slaap. Daar is 9 baie ruim kamers wat elk 2 persone elk slaap met beddegoed, self met 'n kas. Daar is elektriese ligte. Die ablusie, mans en dames apart met elk 3 storte en 2 sitplekkies en 'n bad is onder dieselfde dak. Die masiewe kombuis, is in 'n aparte gebou. Baie ys en vrieskas-spasie. Alle eetgerei en potte/panne word voorsien asook ketel en mikrogolfoond. Daar is ook twee elektriese stowe.



Vrydag middag daag almal op, skop nes en kuier tot dit braai-tyd raak onder die koelbome voor die behuising waarna ons skuif na die boma. Met al die goggas en insekte wat saam met ons die lapa deel, en meer spesifiek skuiling probeer vind onder die hoop hout wat ons so elke nou en dan versteur as ons 'n stuk uithaal het sommige mense maar soms voet in die lug gesit. Hout is voorsien, en daar was 'n kleinerige



grasdaklapa waaronder ons almal knus kon inpas toe die reën ons so klein bietjie rondgejaag het vir kort tydies. Daar word lekker gekuier. Ek merk op Ron maak per geleentheid sy Coke blikke vol met 'n onbekende vloeistof uit 'n ongemerkte bottel die aand. Saterdagoggend so rondom 7 merk ek Wilna op met 'n wynbottel in die hand. Haar verskoning was dat dit gisteraand se bottel was.



Daar is wel 'n 8km dagstap die 'Nyl Trail', wat by die dagbesoekers terein begin en eindig en verby die Jacana voëlskuiling loop, waarvan ek eers later bewus geword het, dus beskou ek maar die kaart en maak my eie 'roete' op met die beskikbare kaart. Die groep kies om my te volg. Aan die oostekant van die vlei is geen spesifieke staproetes nie, maar wel baie 2-spoor paadjies wat geloop kan word. Dit is

darm nie net heeltemal plat nie en ons stap min-of-meer om die 2 koppies op die terein. Ons gaan kyk na die Stemmersvoëlskuiling wat soos meeste van die skuiling in die reservaat 'n tyd gelede afgebrand het. Daar is byna geen teken van die skuiling nie, en die vlei se watervlakke is baie laag. Ons sien hier 'n klein poeletjie daar ver. Dit is warm, en ons rus 'n hele paar keer. Daar is darm oral bome wat benut kan word.

Wat wel intresant was, is al die miskruiers en ander goggas in die veld. Veral die ronde 'dubbel' gaatjies in die sandpaaie waarin *iets* moet lewe.

Ons kry later 'n watertenk langs die pad, en 'n paar mense gebruik sommer die fasiliteit vir 'n vinnige 'afkoel' stort. Ons maak waterbottels vol. Later weer elders lekker lank middagete in die paadjie geniet, oor die vlei geloop, gou gaan kyk na die Jacana skuiling, met sy staal loop-bruggie en hier was darm meer water en voëls. Dalk omdat die' skuiling ook meer tussen die riete is. Sommige loop met die motorpad terug en ander via die Nyl-Trail se laaste entjie wat ons ook hier raakloop. Almal is Baie moeg en warm later die middag na sowat 18.5km by die kamp. Platstap is nie altyd maklik as dit so warm is nie.



Die aand weer gebraai en Sondag oggend voel die meeste mense hulle het die vorige dag hulle stap ingekry. Party neem 'n kort stappie rond-om die huise en kyk bietjie voëls. Ek besluit om 'n lang stappie van by die 10km te loop.

Baie goeie fasiliteite. Eindelik luuks vir die prys met beddegoed en 'n volle kombuis. 'n Lekker kuier-reservaat. As dit baie gereën het en bietjie koeler is sal mens dalk ook 'n ander ervaring hê. Vir ontspan en voëls en diere en insek kyk, die perfekte reservaat om weer te besoek.

Die reservaat is ongeveer 3975 hektaar groot en hoogte bo seevlak wissel tussen 1080 en 1155m. Dit is ook as 'n Ramsar area verklaar in 1998 wat streef om vleilande te bewaar.

Ander akkomodasie op die perseel sluit in 'n 2de groepkamer, ook by Hamerkop wat ook 18 kan slaap. 'n 6 bed gastehuis, 4 twee-bed huise en 6 kampplekke(sonder krag en met koue water). Ons het bespreek by 'Limpopo Tourism Agency': Nylsvley: 015 743 6927/25, sien www.golimpopo.co.za vir verskeie natuurreservate wat besoek kan word wat onder hulle bestuur is.

Nylsvley Projek Finansies: R235 per lid / R265 per nie-lid gevra.
 Inbetalings(13 lede,1 nie-lid): +R3320.00
 Uitbetalings: -R3102.90
 Verblyf: -R2700.00 (R1350 per nag vir die groepskamp wat 18 kan slaap)
 Charcole/aanstekers: -R 122.90
 Terugbetalings vir hek:-R 280.00 (R20 per persoon kontant)
 Projek wins: +R217.10

Groete, Marius Stander,
 Nomades Voetslaanclub,
www.Nomades.co.za
 083 305 6223,
MariusStanderPTA@gmail.com

